


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Julie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 08




# Die Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme laat humeure onnodig opvlam

Dia van Staden - Redakteur

In 'n onderhoud het Riaan Jacobs, Voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad, en Carel Boshoff, Onder-Voorsitter van die OVR beklemtoon dat die voorgestelde Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme nog nie van die onderhandelingstafel afgesmyt is nie.

Orania bestaan uit verskeie instellings en die OVR se rol daarin is om interne samehang en gedeelde belange tussen die instellings te versoen. Verder is die OVR vir politieke skakeling op 'n nasionale en selfs internasionale vlak verantwoordelik.

Die afgelope nasionale verkiesing het die ANC in die Noord-Kaap gedwing om met die VF+ hande te vat, aangesien hul ondersteuning baie afgeneem en daar nie meer 'n volstrekte meerderheid was nie. Die ANC het 'n stabiele vennoot in hulle kamp benodig, aangesien hul steeds 'n lid van die ANC as premier verkies wou kry. Die VF+ het nog altyd 'n goeie verhouding met die provinsiale regering gehandhaaf en in ruil vir dié ondersteuning is daar primêre behoeftes deur die VF+ aangevoer.

Carel Boshoff deel sy opinie dat politieke verhoudings op belange gebou word. Juis daarom maak dit verskille moontlik, want dit bedreig nie die algemene doelwit nie. Hy noem dat die Ooreenkoms se doelwit is om erkenning te gee aan wat Orania oor die afgelope 33 jaar bereik het, met die inagneming van die oorlegsone wat reeds gevestig is. Hy is van die opinie dat die groepering van 'n hele paar kleiner ooreenkomste beter formulering en sterker betekenis kan kry indien dit saamgevat en bevestig word. "Alhoewel daar geen risiko vir Orania in hierdie Ooreenkoms skuil nie, kan dit die pad vorentoe net makliker maak," deel Carel.


Foto: Dia van Staden

Die Voorneme, wat deel vorm van die Ooreenkoms, beteken dat die groei van Orania as 'n opbouende gemeenskap, provinsiale ondersteuning sal geniet. Die aanvaarding van die Voorneme kan praktiese implikasies inhou wat byvoorbeeld potensiële onderhandeling oor stadsuitbreiding of die aansoek vir grond wat by die oorlegsone bygevoeg mag word, beinvloed. Indien die Voorneme ook nie aanvaar word nie sal selfs dit nie Orania se groei kelder nie.

Riaan het bevestig dat die oponthoud vir die ondertekening van die Ooreenkoms volgens hom eerstens die kompleksiteit van die samestelling van die regering van nasionale eenheid was. In die harwar is daar wel genoem dat die provinsiale regering nie sou teruggaan op hul onderneming nie.

Die media het egter die storie opgeblaas tot moontlike onafhanklikheid vir Orania, wat bloot nie die feite was nie, maar wat die ANC die harnas ingejaag het en negatiewe dekking veroorsaak het. Fikele Mbalula, die Sekretaris-Generaal van die ANC, het tydens 'n radio onderhoud gemeld dat die ANC nie 'n onafhanklike Orania sal aanvaar nie. Carel Boshoff reageer met die volgende: "Op dié tydstip in ons vryheidsstryd is onafhanklikheid nie op die tafel nie. Binne 'n politieke konteks is onafhanklikheid 'n baie groot woord, waar artikel 235, wat aan Orania erkenning gee, op selfwerksaamheid fokus. Die weerstand wat nou ontstaan het is eintlik onnodig en ongegrond. Die persepsie van die inhoud van die Memorandum het weerstand by opposisie partye veroorsaak wat hul messe vir die ANC in het. Die Memorandum is daardeur onder verdenking geplaas."

Carel stel dit dat konstitusionele advies daarop gewys het dat die inhoud van die Memorandum nie vir enige persoon wat dit bestudeer problematies behoort te wees nie. "As Oraniërs moet ons besef dat ons besig is om die katedraal met klein steentjies te bou. Ons moet ook politieke vaardigheid aan die dag lê tot die ondertekening geskied," voeg hy by.

Riaan sien daarna uit dat die provinsiale regering by hul ooreenkoms hou, alhoewel die druk op die ANC as party swaar weeg.

*Lees verder op bladsy 2*

KITSNUUS + Lees meer binne

**BKO bied 'n eerste suksesvolle Opedag aan**
*Bladsy 3*

**Chantelle is naaswenner bruid**
*Bladsy 3*

**Marda gee om vir haar kliënte**
*Bladsy 4*

**Die Maree's is Besigheidsbytjies**
*Bladsy 5*

**KultuurKuier beloof ook intellektuele inspuiting**
*Bladsy 6*

**Wat is jou gunsteling winterskos?**
*Bladsy 9*

**'n Musiekskool open sy deure**
*Bladsy 11*

**Uysie ballet al 32 jaar**
*Bladsy 12*

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS
## met die redakteur



Julie 2024 sal in die argiewe opgeskryf word as die tyd toe die winter laat, maar fel getref het. Die tyd toe daar in Suid-Afrika gesukkel is om tot die punt te kom om 'n nuwe regering aan te kondig. 'n Tyd waar plaasmoorde nie gestop het nie, ontvoering van mense vir finansiële gewin oor nuuskanale gereeld openbaar gemaak word, natuurrampe die wêreld tref en mensehandel steeds onopgelos voortstu. Leef ons in 'n gekkeparadys?

Kom ons hiberneer? Kom ons volg die volstruis-taktiek en steek ons koppe in gate sodat ons dié negatiwiteit kan misloop?

Dit is op so 'n dag wat 'n barmhartige samaritaan en kosbare vriendin my herinner het dat ek met die witbrood onder my arm sit en kla, want: My verwarmer werk nog. Ek het genoeg komberse om die ergste koue te bestry. My sykouse, al is sommige nie heeltemal heel nie, gee nog 'n beskermende lagie onder 'n langbroek. My ou rusbank is nog vir kuiergaste verwelkomend. My ketel kook aanhoudend vir nog koffie- of warmwatersakwater.

Dadelik besluit ek om met meer deernis te luister, te kyk en te glo dat die Vader my ook vir 'n tyd soos hierdie geskep en voorberei het. In Shane Parrish se boek *Clear Thinking* lees ek die volgende waarheid raak: *"What were you thinking, you idiot? The truth of the matter is, you weren't thinking. You were reacting, exactly like the animal you are.* ***Your mind wasn't in charge. Your biology was."***

Wees hierdie winter die warmte in iemand se koue biologie! Gee om, sorg, vertroetel en help waar jy kan. Luister na daardie stemmetjie binne jou biologie wat jou sal aanspreek wanneer dit tyd is om te DINK!

**My koffiebeker loop oor!** Gryp die geleentheid aan om vir iemand 'n bietjie warmte in hulle lewenskoppies skink!









# Die Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme laat humeure onnodig opvlam (Vervolg)



Carel Boshoff en Riaan Jacobs - OVR

*Van bladsy 1*

Dr Wynand Boshoff, parlementslid en leier van die Vryheidsfront Plus in die Noord-Kaap lewer ook sy kommentaar op die uitstel van die ondertekening van die Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme: "Politieke ooreenkomste is altyd ingewikkeld, veral as dit met jou grootste opponente is. Die ANC is tot 'n gesentraliseerde eenheidstaat verbind en die VF Plus tot selfbeskikking. Daar is nie 'n manier waarop albei hierdie wense ten volle vervul kan word nie.

Orania het die werklikheid van selfbeskikking oor dekades geskep en die regering het geen keuse as om dit in praktyk te erken nie. Die feit dat die ANC nie 'n meerderheid in die Noord-Kaap kon behaal nie, het die geleentheid vir 'n simboliese erkenning geskep.

Terwyl Orania versigtig was om nie onnodige knoppies te druk nie, het ander instellings dit wel gedoen. 'n Teenreaksie het gevolg, wat die ANC se nasionale struktuur beweeg het om die saak uit die provinsiale struktuur se hande te neem.

Dié verwikkeling skep, verrassend genoeg, 'n geleentheid. As hierdie ooreenkoms deur die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee aanvaar word, het ons 'n nasionale ooreenkoms, pleks van provinsiaal.



Dr Wynand Boshoff, parlementslid en leier van die Vryheidsfront Plus in die Noord-Kaap.

Die risiko wat mens óók dadelik raaksien, word aktief bestuur. Informele gesprekke tussen die ANC se regspan en kundiges soos Carel Boshoff en prof. Koos Malan is aan die gang, terwyl ek self met die premier, dr. Zamani Saul, in aanraking bly.

Ons het dekades gewerk om te wees waar ons is en ons toekomsbeeld strek veel langer. Daarom benader ons hierdie ooreenkoms liewer met geduld as om later te moet erken: Hoe meer haas, hoe minder spoed.

Daar is natuurlik 'n mening dat hierdie soort onderhandelings onnodig en selfs onwenslik is. Vryheid, het Carel Boshoff al opgemerk, is selfstandigheid wat erken word. Ons het die selfstandigheid; ons kan nie van die aandrang op erkenning wegskram nie."



# Opedag vir BKO bring hoop




Fotos Dia van Staden

Paul Vogel, Uitvoerende Hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum gesels met opgewondenheid oor die eerste Opedag wat dié instelling op 15 Junie aangebied het.

Die ongeveer 200 mense wat die dag bygewoon het, was 51 voornemende studente. Ouers, boeties en sussies en ander familielede het die volle getal opgemaak. "Die jonger geslag wat Orania kom beleef is natuurlik vir ons ook deel van die doel, want dit is tog toekomstige studente," beklemtoon Paul.

Volgens die statistieke van die dag was die elektriese ambag en boerderybestuur (landbou) die twee gewildste opsies vir studente. Daar is baie vrae gevra nadat daar soveel as moontlik inligting in elke studielokaal of werkstasie aan ouers en hul kinders gegee is.

"Besoekende ouers en voornemende studente was uit die veld geslaan. Orania en Bo-Karoo Opleiding het hulle verwagtinge vêr oortref. Ons vriendelikheid, netheid, professionaliteit en kultuur, ons manier van doen, het hulle verras," vertel Paul met 'n trotse glimlag.

"Ons het vir voornemende studente in een oggend 'n verkorte ervaring gegee van wat hul hier by ons kan verwag," sê die uitvoerende hoof.

Hy beskryf die dag as 'n reuse sukses en noem die wye verskeidenheid plekke waar mense vanaf gekom het om BKO te kom ondersoek. Besoekers het van Windhoek, Paarl, Stellenboch, Pretoria, Rustenburg, Bloemfontein en Kimberly af gery om geleenthede vir hul kinders te ondersoek.

Die BKO-span beplan reeds om in 2025 vroeër te begin bemark sodat die besoekersgetal kan verdubbel. "Die ervaring gaan dieselfde bly, want dit moet 'n egte Orania studentervaring wees," sê Paul.

Paul is dankbaar teenoor die Orania-gemeenskap wat bygedra het om die besoekers welkom te laat voel. Sy boodskap aan jongmense: "Bou jou toekoms reg deur te studeer by BKO en te bou aan 'n hoopvolle toekoms."


'n Voornemende student neem die uitdaging aan om aan die saagkompetisie deel te neem.




Paul Vogel by die pragtige nuwe naambord van BKO.


Jan van Zyl kon aan die besoekers die verblyfregproses verduidelik.


Besoekers staan nader om te hoor en te sien wat in die werkswinkels van die ambagte gebeur.



Die koshuisstalletjies het aandag geniet en vrae van ouers en voornemende studente kon beantwoord word.


Gerhard Kotze en Bart Beyers het Radio Orania verteenwoordig tydens die opedag.

## Chantelle - Bruid van die jaar naaswenner

Fotos - André Verhoef Fotografie

Johan en Chantelle Labuschagne is op 1 April 2023 by die De Oude Kraal Country Estate and Spa buite Bloemfontein getroud. Hulle was albei haasbekkies in Mik Hoog Laerskool in Luckhoff. Chantelle het aan die Noord-Kaapse kant van die Oranjerivier groot geword en Johan aan die Vrystaatkant.

Hul hoërskoolloopbane het hul onderskeidelik in Grey en Landboudal voltooi voordat elkeen weer in hul eie rigting beweeg het om te studeer. Johan het Landbou aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en Chantelle het Somatologie by Isa Carstens in Stellenbosch gaan studeer. Chantelle het vir vier jaar op plesierbote en privaat seiljagte gaan werk terwyl Johan plaas toe is om te begin boer.

Hulle het jare later weer voor tannie Zettie se kafee ontmoet en aan die gesels geraak. Een koppie koffie het tot meer gelei en daardie soen op haar ma se stoep het gemaak dat sy haar hart verloor het.

Na jare se reis oor die groot waters het Chantelle die voorreg om die man anderkant die rivier lief te hê, en eendag sal hul kinders in dieselfde riviersand speel waar hulle self gespeel het. Met die woorde "sien jy ook n toekoms hier?" het Johan op 14 Augustus 2022 op sy knie afgesak en die ja-woord gevra. "Ek het my spanmaat gekry, my lewensmaat!" vertel die gelukkig dame.

Johan is volbloed boer en hul springmielie- en koringboerdery eis sy voltydse aandag. Die springmielies word skoongemaak, verwerk en verpak en dan aan ander besighede gelewer. Chantelle bestuur die vakansieoord, Sandgat, saam met haar ma, Liza. "Ek doen die besprekings van die karavane en organiseer die funksies wat op die terrein aangebied word.


Die egpaar maak tyd vir die buitelewe en geniet die natuur saam met hulle twee wolfhonde. Johan is lief vir jag en vroutjie neem graag die kamera op om met haar fotografie te eksperimenteer. Saam is hulle aktief en stap graag in die natuur, swem of spandeer tyd op die rivier met hulle jetski. Familietyd is vir hulle kosbaar.


Chantelle vertel dat hulle troue die lekkerste projek is waaraan sy nog ooit gewerk het. Hulle is 'n moderne troue in 'n klassieke omgewing beplan. Vir hulle het die Karoo, plaas, elegansie en romanse saamgesmelt om die perfekte dag te laat ontvou. 'n Wit ou plaashuis met houtvloere en groen dak, die dam met ganse wat in die water baljaar en die reuk van dennebome en skape wat wei, het die perfekte agtergrond en atmosfeer vir hulle spesiale dag geskep.

Die gemis na haar oorlede pa was vir Chantelle hartseer, maar met haar arm by haar broer ingehaak kon sy tot by haar bruidegom stap sodat hulle trou aan mekaar kon beloof.

"Ek lig my glasie ekstra hoog vir my mooie ma se hulp, liefde en elke myl wat sy ekstra stap. My ruiker wat ek aan haar kon oorhandig was vir my baie spesiaal." Die musiek wat hulle saam uitgekies het was meer met die hart as die hand gekies, en dit het die geleentheid perfek gekomplimenteer.

Terwyl die heerlike geure van die spitbraai die lug gevul het kon die egpaar al hulle spesiale mense bedank vir hul teenwoordigheid en 'n glasie is op vriende en familie gelig.


Die stralende bruid op haar kleindogtertjie droomdag.


Chantelle het pragtig gelyk in haar tydlose, maar elegante satynrok. Johan was baie aantreklik in sy swart pak.

"Ons dag was propvol spesiale oomblikke. Omblikke van stilstaan en alles probeer inneem, oomblikke van lag, emosiebelaaide oomblikke, nederige, dankbare oomblikke. Alles was prentjieperfek!"

Asof haar perfekte dag nie genoeg was nie, het sy besluit om vir Beeld se Bruid van die Jaar kompetisie in te skryf. Chantelle beskryf die glansgeleentheid van 9 Junie as pragtig en vertel dat sy vreeslik opgewonde was om as 'n finalis genomineer te wees. Toe die aankondiging kom dat sy die naaswenner is, was daar 'n gevoel van nederige dankbaarheid wat haar hart gevul het. "Alles wat om my gebeur het, het werklik alle verwagtinge oortref," vertel sy met 'n breë wen-glimlag.

# Marda vind vreugde in kwaliteit diens

Dia van Staden - Redakteur

In haar boek vol lewenservaring staan daar al eienaar van 'n biltongwinkel, wassery en kunswinkel. Die eiendomsmark was dus nie Marda se eerste keuse vir 'n beroep nie.

"Donkiejare terug het 'n vriendin, Elmarie du Plessis, 'n agentskap in Richardsbaai begin. Sy het geglo dat ek 'n uitstekende agent sou uitmaak en in 2005 word ek as agent geregistreer," vertel Marda van Dyk.

Die Bo-Karoo Eiendomme-storie het in Durban en Richardsbaai begin. Die huidige prinsipaal het saam met Marda vir dieselfde agentskap gewerk, maar in verskillende stede. Marda vertel hoe daardie agentskap se geestelike opbouing van agente 'n kernrol in haar lewe gespeel het. "Alle agente het maandeliks bymekaar gekom, saam gebid en hul lewens- en besigheidsvertroue in die Here se veilige hande geplaas."

Dit is tydens daardie sessies wat Marda en André Bredenkamp mekaar gesien en leer ken het. Sy sien eendag 'n plasing op Facebook wat Sylvia, André se vrou, plaas en sien dat hulle beplan om te trek. By nadere ondersoek vind sy toe uit dat Orania ook hul nuwe tuiste gaan word.

Marda en haar man Thinus se besluit om na Orania te verhuis het na drie aanvanklike besoeke gebeur. Haar dogter, Cindy en manlief Gerhard Vos met hul twee kinders, het die trek saam aangepak. In 2019 sluit Marda by die Bo-Karoo Eiendomme se span aan, en die res is geskiedenis.

Die hoeveelheid vreemde situasies wat Marda al in die eiendomsbedryf beleef het, is legio. Haar belewenis van eienaars van eiendomme wat onrealistiese verwagtinge het of wat nie die belangrikheid van hul eie rol in die verkoopproses verstaan nie, kan sy 'n boek oor skryf.

Sy verduidelik die belangrikheid vir 'n eienaar om hul eiendom so aantreklik as moontlik vir 'n voornemende koper te berei. "'n Huis is net soos 'n mens. Eerste indrukke laat 'n blywende indruk op iemand," sê sy. Die belangrikheid van 'n netjiese tuin, sonder rommel wat rondlê, en 'n huis wat ten minste skoon en sonder oordadige ornamente vertoon kan word, verkoop volgens Marda makliker. Aangesien foto's elke eindom se aanvanklike verkoopsmiddel is, is dit voordelig as 'n netjiese voorkoms tot die kwaliteit van foto's kan bydra.Marda sê dat 'n totale wanordelike huis dit vir 'n potensiële koper moeilik maak om sy eie meubels en hartsgoed in daardie spasie te visualiseer.

Sy vertel hoe huise na aanleiding van 'n eerste besoek vir 'n belysting al 'n bynaam kan kry. Sy onthou die aartappelhuisie, kliphuisie en rothuis sommer vinnig. "As agent besef ek dat almal in Orania hard werk, maar die verkoopproses is 'n vennootskap tussen agent, verkoper en koper." Oor foute van 'n eiendom wat van 'n agent of koper deur 'n eienaar weerhou word, raak sy sommer kriewelrig. "Leuens haal jou altyd in," stel sy.

"Ek raak begeesterd as ek 'n koper kan help om 'n eiendom te vind waar hy of sy gelukkig gaan wees." Marda raak skoon emosioneel as sy vertel van die satisfaksie wat sy daaruit put wanneer sy 'n gesin kan help om hulle plekkie in die son te vind. Sy praat met waardering van kliënte met wie sy al jarelange verhoudinge opgebou het.

By Bo-Karoo Eiendomme beleef Marda, Gerhard Vos en Adri Zietsman dat die eiendomsmark tans onstabiel is. "Ons is op 'n mallemeulerit. Die ekonomie druk en die onsekerheid van verkiesingsuitslae en koue speel beslis 'n rol."

Kritiek oor huispryse van voornemende kopers hanteer sy met feite, sonder om emosioneel daaroor te raak. Die vraag- en aanbodgeheure het pryse die hoogte laat inskiet. Aangesien huise wat té hoog geprys word gewoonlik lank in die mark bly, hoop sy ook op die stabilisering van pryse omdat markverwante pryse tot almal se voordeel sal wees.

Marda se fokus is nie net op verhurings nie. Sy verkies om die verhuring van 'n eiendom te hanteer as die koper nie self daar gaan woon nie. Op so 'n manier bly haar betrokkenheid by die verkoper en moontlik die volgende koper.

Haar belewenis van besoekers aan Orania en voornemende kopers se geselsies lei telkens na hoe netjies Orania oor die algemeen is, die vriendelikheid van inwoners, die voordeel dat studente na skool hier kan studeer en die besige vermaakkalender. Die een klagte wat gereeld geopper word is sommige onnet erwe wat, na meer as een besoek aan die dorp, steeds onnet voorkom.

Sy is tans besig met haar NQF5 sodat sy as prinsipaal by André, wat Orania intussen verlaat het, kan oorneem. Daar is nie regtig vryetyd vir dié vrou, ma, ouma, vriendin en besigheidseienaar nie. Sy vind bietjie vrede as sy vir haar seun Jan en sy gesin in Paarl gaan kuier.

Marda se droom is om 'n standvastige agentskap in Orania te bou wat op eerlikheid en betroubaarheid geskoei is. "Dit gaan nie net oor wat ek in my sak kan steek nie. Ek wil 'n pad stap met verkopers en kopers sodat alle partye tevrede sal wees. Ek beleef vreugde as ek my werk reg doen."



Marda van Dyk staan aan die hoof van Bo-Karoo Eiendomme in Orania waar dienslewering vir haar 'n prioriteit is.




Lida Strydom - Burgemeester

## Voorkoms en verantwoordelikheid

Die geleenthede wat voor Orania staan is verbysterend en die verantwoordelikhede enorm. Ons bou aan 'n plek vir ons nageslag. Wat sal hulle van ons onthou as hulle in die toekoms deur hierdie strate stap? Wat sal hulle sien? Van al die dinge waarmee ons tans besig is, wat sal hulle inspireer?

Een van die belangrikste nalatenskappe wat reeds oor eeue besiel, is skoonheid; mooi dinge. Miskien is dít wat ons steeds aantrek na Europese stede, selfs al verskil ons tans ideologies soveel. Die mooi geboue en kuns orals inspireer. Dit laat 'n mens soms verwonderd, dit laat jou nadink, dit lig die gees.

'n Mooi omgewing is op soveel maniere belangrik. Dit laat mense gelukkiger voel, dit verminder stres en donker buie, dit bou geestelike gesondheid en bevorder menslike interaksie, dit dra by tot identiteit en gemeenskaplikheid en volgens verskeie studies verhoog dit die waarde van eiendom. Dit kan selfs rykdom bevorder.

Lees gerus die mooi verhaal van die Guggenheim Museum in Bilbao in Spanje, 'n stad wat verval het, 'n ekonomiese krisis beleef het, ontvolk het, hoë vlakke van werkloosheid en sosiale verval beleef het, en dit was vuil en lelik. Dalk nie die plek wat iemand sou kies om 'n ikoniese gebou op te rig nie. Maar tog, die oprigting van dié bekende landmerk het ten doel gehad om te transformeer en het skitterende sukses behaal. Dit het 'n ekonomiese inspuiting in die gebied verskaf en gelei tot toestroming van toeriste met gepaardgaande ekonomiese voordele. Natuurlik het werkskepping gevolg. 'n Kulturele Renaissance was die vonk wat inwoners weer trots gemaak het en hoop gegee het, dit het verder gelei tot groot beleggings in die gebied. Die museum se teenwoordigheid het ander ontwikkelings in die gebied aangetrek en 'n hele vervalle omgewing het lewe gekry en begin sprankel.

Die Bybel leer ons dat innerlike skoonheid baie belangrik is. Tog is daar spesifieke opdragte vir kuns in die Bybel, maar altyd tot eer van God. In Eksodus lees ons van die bouwerk aan die Tempel en die voorskrifte dat vaardige ambagsmanne die meublement moes skep en dat God aan hierdie manne die wysheid en vaardigheid geskenk het om pragtige dinge tot stand te bring. Selfs die kledingstukke van die priesters is versier met goud en edelgesteentes, nie net ter wille van die mooi voorkoms nie, maar met 'n dieper betekenis. Alles wat ons doen of skep, moet God erken en eer. Miskien is dít deel van die antwoord oor die aanskoulike Europese argitektuur en kunswerke.

Ons het reeds begin om Orania mooi te maak. Daar is pogings om parke te bou, daar is pragtige openbare kuns en beloftes van nuwe mooi geboue. Maak dit saak hoe Orania lyk? Openbaring 14:13 leer ons dat ons werke ons sal volg wanneer die nuwe aarde aanbreek. Dit beteken dat ons opregte werke, wat aan ons Skepper toegewy is, sal bly staan. Ook die argitektuur en kuns in Orania.

Die geleenthede wat voor Orania staan is verbysterend en die verantwoordelikhede enorm.

Soli Deo Gloria!

PRAAT
SAAM
KOERANiA
mense weet
www.koerania.co.za

## Orania Vakansiedae 2024

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaar |
| 27 Februarie | Slag van Majuba |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 6 April | Stigtingsdag |
| 9 Mei | Hemelvaartdag |
| 31 Mei | Bittereinderdag |
| 14 Augustus | Taaldag |
| 10 Oktober | Heldedag |
| 11 November | Witkruisdag |
| | *nie amptelike vakansiedag nie* |
| 16 Desember | Geloftedag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

# Annelize Bredenhann kerjakker en arbei in die VSA

Die stad Charlotte is in die staat, North Carolina, in die Verenigde State van Amerika geleë. Dié stad se Waxhaw voorstad gaan nooit weer dieselfde wees nie, want 'n Oraniër het daar geland!

Annelize Bredenhann is maar 18 jaar oud en beleef tans een van die grootste avonture van haar lewe. Alhoewel sy maar skrikkerig was om die veiligheid en vrede van Orania vir die vreemde te verruil, is die ervaring oor en oor die moeite werd.

Dié jonge dame het 'n sagte plek vir kinders en haar oorbruggingsjaar na matriek lei haar toe om aansoek te doen vir au pair-werk. Haar avontuurlustige geaardheid kry nou vlerke want sy kry die geleentheid om 'n bietjie meer van die wêreld te sien en te ontdek.

Onsekerheid oor die beste keuse vir 'n beroep het hierdie geleentheid aangehelp. Annelize oorweeg Kindersielkunde as 'n rigting en daarvoor behoort die drie kleingoed wie sy oppas, wat wissel tussen 20 maande en 7 jaar, vir haar 'n goeie leerskool te wees.

Die agentskap waardeur sy gewerk het om oorsee te kon gaan het haar in kontak gesit met 'n potensiële familie wat spesifiek iemand uit Suid-Afrika gesoek het. Gedurende haar eerste twee weke in Amerika het sy met dié familie kontak gemaak en na onderhoude en gesprekke is dit bevind dat hul 'n goeie kombinasie behoort te vorm.

Een van die grootste uitdagings tot dusver was om haar bestuurslisensie in North Carolina te kry en daarom kan sy nou die kinders rondry, waar nodig. Sy vertel van die vreemdheid daarvan om self brandstof in 'n voertuig te gooi.

Haar werkskontrak is vir 'n jaar geldig, maar sy praat reeds daarvan dat sy haar verblyf met 'n bykomende jaar sou wou verleng. Die dae is gevul met die opruim van die huis, kosmaak vir die kinders en hul chauffeur wees waar nodig. Annelize gaan dus oral saam met die gesin om die versorging van die kinders te hanteer.

Sy sien selfs kans om na 'n jaar by 'n nuwe gesin aan te sluit. “Ek sou graag in die VSA wou studeer as dit moontlik sou wees,” vertel sy opgewonde.

Daar is beslis goed wat sy van die huis mis. “Ek mis die mense en die kos die meeste ,” vertel sy. Annelize is egter van voorneme om die beste van haar avontuur in die VSA te maak.

Naby die grens van Noord en Suid Carolina woeker daar 'n jongmens wat die hoop uitspreek dat sy as 'n jong meisie met werkbare ondervinding en sakke vol stories sal kan terugkeer na haar geboorteland.

**INLIGTING OOR DIE STAD CHARLOTTE:**

**CHARLOTTE HET NA DIE AMERIKAANSE BURGEROORLOG, ONGEVEER 1865, BEGIN ONTWIKKEL. EERS AS 'N SPOORWEGAANSLUITING EN TOE AS 'N KATOENMEULE. TANS IS CHARLOTTE EEN VAN AMERIKA SE GROOTSTE BANKSENTRUMS EN EEN VAN DIE LAND SE VINNIGSTE GROEIENDE METRO-AREAS.**




Annelize Bredenhann staan hier in die kombuis van haar au pair-gesin in die VSA.



# Twee plaasjapies werk besigheidspryse los

AfriForum Sakenetwerk se Besigheids-bytjies- en Juniorpreneurs-kompetisie het op 8 Julie ten einde geloop toe die wenners vir vanjaar aangekondig is.

Desireé Maree (15) het vir die derde agtereenvolgende jaar vir dié kompetisie ingeskryf en het 'n tweede plek in die afdeling vir hoërskoolleerders gekry. Haar boetie, Righardt (10), het sy eerste poging vir die kompetisie gewaag en sommer met die louere weggestap.

AfriForum het reeds in 2019 die Besigheids-bytjies-entrepreneurskompetisie van stapel gestuur. Dié aanlyn kompetisie het intussen uitgebrei deur voorsiening te maak vir hoërskoolleerders (Juniorpreneurs) wat 'n passie en kop het vir besigheid. Die doel van hierdie kompetisie is om jong entrepreneurs van vroeg af te bemagtig. Entrepreneurskap is nie noodwendig iets waarmee elke persoon gebore word nie, dit is ook iets wat geleer, gevorm en uiteindelik ontwikkel kan word.

Desireé en Righardt is tuisskolers wat sommer vroeg uitgespring het om selfonderhoudend te kan raak en te leer hoe jy met geld moet werk. Desireé se naald en garing is besig om mooi naam te maak en sy geniet die herstel van klere, maar put baie genot daaruit om iets nuuts en unieks vir 'n kliënt te skep. Haar slagspreuk is Waar ons liefde aan lap vaswerk.

Righardt se besigheid, Tjoppie se Weltevreden Tuindienste, sorg dat al hoe meer tuine in Orania netjies en rommelvry bly. Hy sny gras, rond rante af en ontbos waar nodig.

Daar was flink aan stemme gewerf aangesien 50% van die punte vir die kompetisie uit publieke stemme opgemaak word. Ander besighede wat deelgeneem het sluit Biltong Tjommas, Pennie en Pot, Wilde Geskenke en vele meer in.

Righardt besef dat hy eendag vir 'n gesin kos op die tafel moet sit, daarom wil hy werk en geld verdien. Desireé wil doen wat sy geniet en daarmee ook 'n verskil in ander se lewens maak. Albei die jongmense besef dat toerusting kan breek en dat daar gedink moet word aan uitgawes, terwyl daar 'n inkomste is. Hul beoog albei om nuwe toerusting met hul wengeld van R7 000-00 aan te koop, maar oorweeg dit om personeel aan te stel.

Hulle besef darem dat daar balans moet wees en in die jonge dame se vrye tyd word daar gedans, gesing, kreatief met kunsgoed en hare gewerk en juwele ontwerp. Boetie verkies om buite te wees, bal te speel, fiets te ry en te dans.

Daar is groter drome wat vir hulle in die toekoms wink. Righardt wil eendag met beeste en perde, wat hy kan oplei, boer. Desireé sien daarna uit om eendag die Weltevreden Dansakademie by haar ouers, Lana en Kobus, oor te neem, maar wil haar vernuf met die maak van klere en juwele opskerp sodat dit 'n konstante inkomste kan bring. Sy beoog om die wêreld te sien en 'n winkel met haar eie klererееks te besit.

Een van die beoordelaars, Albert van Wyk, 'n 31-jarige Suid-Afrikaanse Entrepreneur, Eiendomsbelegger, selfgemaakte Miljoenêr, en gekwalifiseerde Industriële Ingenieur en top-verkoper skrywer sê: “Moenie huiwer nie, begin vandag. Jy is nooit té jonk om 'n entrepreneur te word nie.”

Dié twee besigheidsbye is dit eens: “Glo in jouself, dan sal iemand anders ook in jou glo!”

Gaan lees meer hier: Besigheidsbytjies

# Orasol battery se koppeldatum nog onseker

Die huidige oponthoud vir die aanskakel van die Orasol battery word veroorsaak deur die span van 'n verskaffer wat verkies om hul eie koppeling van kabels te kom doen.

Ingenieursdienste se elektriese span het al die Sungrow-toerusting tot dusver gekoppel en terminasies op hoogspanningskabels is gedoen. Mauritz Meyer vertel dat sodra die toerusting korrek geplaas en gemonteer is, die elektriese span, nadat hul dié week opdrag gekry het, ook dié koppelings sal behartig. Die grootste oponthoud is deur die verskaffers van die skakeltuig veroorsaak. Die skakeltuig is in November 2023 bestel en moes April 2024 gelewer word. Dit is toe eers in Junie afgelaai.

Volgens Riaan Jacobs, projekbestuurder van Orasol, sal Sungrow se ingenieur van Sjina af die finale stappe kom uitvoer nadat die beheerstelsel vir die kommunikasiestelsel gekoppel is. Hy noem verder: Die hardeware wat allerhande komponente vir die voltooiing van die Orasolbattery insluit, is 99% in plek. Die verskaffer se ingenieur wat die finale toetsing van die skakeltuig moet doen behoort op 29 en 30 Julie in Orania te wees. Die netwerk se veselkoppelpunte van die battery en sonaanlegte se koppeling is feitlik voltooi. Die beheerstelsel word tans in Kimberley in 'n kabinet gemonteer om by die res van die stelsel te laat inskakel. Sungrow se span was in die buiteland en behoort binnekort hulle werk te kom voltooi voordat 'n ingenieur die beheerstelsel en kommunikasiestelsel uiteindelik sal programmeer en implementeer.”




Vyf mans het met moeite hierdie uiters gewigtige beheerkas gedra en geskuif om op 'n spesifieke plek en op 'n spesifieke hoogte te installeer. Dié kas meet die spanning van die inkomende kabels. Vanuit hierdie kas word krag na die batterylaaier gevoer wat die eenhede se beheerstroombaan beheer en reguleer.



So lyk die terrein waar al die harde werk en fyn beplanning reeds etlike maande lank gedoen word.

# Neem 'n intellektuele inspuiting



### WOORDE EN WYSIES SKOP DIE KULTUURKUIER AF

Stef Kruger en Dana Snyman besoek Orania tydens die KultuurKuier op 1 en 2 Augustus vanjaar.

Dié twee gewilde kunstenaars vat jou op 'n woord- en musikale reis aangesien Stef al 45 jaar liedjies skep en sing. Liedjies soos Pennies op die spoor, Grassade in die wind, Tussen jou en my en Kronkelpad beloftes om maar 'n paar te noem. 'n Magdom kunstenaars het sy liedjies opgeneem, maar sy persoonlike vertolkings is uitmuntend. "Wanneer lirieke uit jou eie pen kom, is daar altyd soveel meer waarde daaraan wanneer jy dit self vertolk," vertel Stef.

Skrywer Dana Snyman se nuutste boek, Seun, sal dan die rakke tref en die inhoud handel oor sy eie lewe. Dana het 'n unieke manier van stories vaslê en dit kry pragtig lewe wanneer hy dit self vertel.

Stef en Dana sien daarna uit om die Oraniagehore te vermaak en hulle eiesoortige kuns te kom deel.

Die KultuurKuier se volledige program sal eersdaags op Koerania se sosiale media platforms gedeel word. Dit beloof om boekwurms, liefhebbers van kuns, musiek, kultuur en kuier se aptyt mateloos te bevredig.

Kaartjies kos slegs R120-00 en is by die Orania Beweging beskikbaar. Kontak die Okkasie Hasie by 083 726 1180 vir meer besonderhede.

### 'N AKTUELE SAKEONTBYT MET 'N TEMA WAT ALMAL RAAK

Ouers, onderwysers, grootouers en enige persoon wat met kinders werk sal daarby baat om ingelig te wees oor die Bela-beleid, 'n affêre! Die opvoeding en opleiding van die Afrikaner se kinders hang in die weegskaal met dié beleid se eise.

Dr Jaco Deacon, FEDSAS se Uitvoerende Hoof, sal saam met Willie Spies, bekende prokureur van Hurter & Spies in Pretoria dié beleid se huidige stand deurtrap. James Kemp, bekende omroeper van PretoriaFM sal die onderhoud voer sodat elke hoek en draai van dié belangrike kwessie aangespreek kan word.


Die aktuele sakegesprek sal op Vrydag 2 Augustus om 07:30 by die Maranata kerk aangebied word. Bespreek jou kaartjie by die Orania Beweging se inligtingskantoor. Kontak Dia van Staden by 083 726 1180 indien daar enige navrae is.

### BOEKE EN BREDIES

'n Verskeidenheid skrywers sal Orania tydens die KultuurKuier besoek. Dana Snyman, Willie Spies, Riaan Grobler en Stef Kruger sal deel vorm van die groep wat by Die Kantien gaan kuier.

Daar sal 'n paneelbespreking gehou word sodat almal die skrywers en hul skryfproses 'n bietjie beter kan leer ken. James Kemp en Dia van Staden gaan met die besoekers gesels, maar daar sal ook geleentheid wees vir vrae vanuit die gehoor. Die skrywers gaan by die tafels rondom 'n bredie en 'n stomende koppie boeretroos plaasneem om met die inwoners te kuier.

Kaartjies beloop R80p.p. en is by die Orania Beweging beskikbaar.



### WILLIE SLAAN 'N EIE RIGTING IN

Willie Spies, 'n bekende in regskringe, se boek is 'n bundel van sy rubrieke wat oor 'n lang tydperk in Beeld verskyn het. Hy besoek Orania tydens die KultuurKuier en bring die feite saam.

Dié boekbespreking sal op Vrydag 2 Augustus om 17:30 by die Oewer Restaurant aangebied word. Die bespreking is gratis, maar plekbesprekings is noodsaaklik. Kontak die Orania Beweging by 053 207 0062 vir jou bespreking.

Eierigting is'n regsterm wat beteken dat jy die reg in jou eie hande neem.

In 'n grondwetlike bestel is die uitgangspunt dat die burgery kollektief hul reg om hulself te beskerm oordra aan die staat. Wanneer die staat faal en nie meer sy burgers beskerm nie, verander die situasie. Dan raak eierigting nodig.

Willie Spies skryf sedert 2016, die jaar van Fees Must Fall in Suid-Afrika en die verkiesing van Donald Trump in die VSA, rubrieke vir Beeld en Netwerk 24.

Dit ondersoek 'n nuwe vryheidsideaal, 30 jaar na die verkiesing van 27 April 1994 en beskryf hoe eierigting regmatig deur instellings van die burgerlike samelewing plaasvind wat leemtes vul wat die staat ooplaat.

*Bron: Naledi*



KULTUURKUIER in Orania

### ORANIA SE EIE MENSE LEWER 'N SKOUSPEL

Daar word met opwinding uitgesien na talentvolle Oraniërs wat die verhoog sal vol staan met hul sang, dans en dramavernuf. Die Orania Skouspel is vir die eerste keer in 2023 deur die Okkasie Hasie aangebied.

Dr Phillip Nothnagel is die beskermheer van die Orania Skouspel wat op Saterdag 3 Augustus om 18:30 in die Gemeenskapsaal aangebied word. Hy sê: "Vir 30 jaar was ons skaam en skugter. Vir 30 jaar was ons jammer om te leef. Drie geslagte van ons kinders dink dit is yskoud om engels te praat of om ons taal met engelse woordjies te besoedel. Dit gebeur in die kunste, die sportwêreld en selfs op akademiese gebied. Wees stil, het ons gedink. Lê laag en en kyk niemand in die oë nie, dan sal hulle ons uitlos. Maar nee, hulle vat ons laag!

Ons het hulle respek verloor. Nou is dit klaar! Ons gaan sing dat die heuwels weergalm. Ons gaan vermaak dat dit dreun. Ons gaan mense laat opspring van vreugde en hulle trots maak op hulle pragtige kultuur!

Van Alaska tot in Nieu Zeeland gaan ons mense dwing om notisie daarvan te neem dat mooi dinge met die Afrikaner gebeur. Dit gebeur alles in Orania!"

Op die program is name soos Ané Kruger, Ciska en Sumari de Wet, Christelle de Villiers en Marcel Jacobs. Instumentale bydraes gaan die gehoor verras en nuwe stemme sal gehoor word. Dia van Staden droom daarvan dat samestellings van Orania se eie talent by die Afriforum Teater in Pretoria gaan optree.

Bespreek jou kaartjie teen R100-00p.p. by die Orania Beweging.




BOEKE & BREDIES
DIE KANTIEN RESTAURANT
Vrydag 2 Augustus
12:00 — 14:00
Ontmoet die skrywers en kunstenaars terwyl hul in gesprek tree met James Kemp en Dia van Staden.
Geniet 'n hoenderbredie en koffie terwyl daar met die skrywers gekuier word.
Boeke sal te koop wees!
Kaartjies @ R80p.p. by die Orania Beweging te koop
KULTUURKUIER in Orania
GESPREKSLEIER: JAMES KEMP
STEF KRUGER
DANA SNYMAN
WILLIE SPIES
RIAAN GROBLER
Trots Afrikaans
Navrae by Dia van Staden
083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
KOERANIA


Orania SKOUSPEL
2024
KULTUURKUIER in Orania
AANGEBIED DEUR
OKKASIE HASIE & KOERANIA
Ware talent floreer hier!
SANG / DANS / DRAMA / INSTRUMENTE
3 AUGUSTUS OM 18:30
ORANIA GEMEENSKAPSAAL
DRAG: SKOUSPELAGTIG
R100P.P.
KAARTJIES BY
ORANIA BEWEGING
EN MELK & HEUNING
Inligting 083 726 1180
LEES DIT! DEEL DIT!
KOERANIA


Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Prokureurs, notarisse en aktevervaardigers
Advies met verkoop van eiendom
Opstel van koopooreenkomste
Registrasie van oordragte
Notariële waarmerkings
Algemene regsadvies
Eiendomsreg
Testamente
KONTAK ONS VANDAG NOG!
Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za


Orania CVO-skool
bied aan
ORANIA GAAN GROOT
SATERDAG
7 September 2024
12:00 tot 22:00 | Orania Sportterrein
Robbie Wessels • Karlien van Jaarsveld • Franja du Plessis
Bernice West • Muller Brandt • Barto Swiegers
Toegangsgeld: Volwassenes: R200 • Skoliere: R120 • Voorskool: R50
Kaartjies in Orania by Orania CVO-skool, Wilco Groep, Orania Beweging, Huppelkind en Orania Ontwikkelingsmaatskappy. In Vanderkloof by Vanderkloof Apteek en in Hopetown by Schutte Prokureurs.
Of stuur 'n WhatsApp na die skool se nommer: 061 130 8436


BKO
BO-KAROO OPLEIDING
STUDIEAANSOEKE IS OOP
Kom studeer op die kampus sonder mure
en bou aan 'n hoopvolle toekoms!
Elektries || Loodgieter
Boerderybestuur || Tuisversorging
Bou- en Siviele Konstruksie
HOU ONS SOSIALE MEDIA DOP VIR DIE
BEKENDSTELLING VAN TWEE NUWE KWALIFIKASIES.
DOEN AANSOEK BY BKO.CO.ZA
053 110 0620
061 768 1852
ontvangs@bko.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Winterskos wat die harte warmer laat klop





Lida Strydom

**Biefstuk** met lekker vetjies en knoffelbotter bo-op, want ons karnivoor!

En dan, laataand: Melke d' Ponche, 'n warm melkdrankie met 'n titseltjie heuning en 'n skeutjie kaneel. Dis 'n skepping van ons oudste dogter in haar kleintyd en dit bly 'n gesinsgunsteling!




Anja Nel

Ooooo, by verre


**Botterhoender masala!!**

Dit is heerlik speserybelaai en soveel geure wat met mekaar trou! Dit maak jou lekker warm van binne! Of beesstert met botterbone, appletizer en Old Brown Sherry word as 'n basis vir die sous gebruik. Njammies!



Renska Deetlefs

**'n Heerlike warm kommetjie sop**, sommer alle soorte en geure kan werk, met gespeseryde, geroosterde krotons vir daai titseltjie krakerigheid op die tong. So bietjie warmte van binne af!



Lana Fourie

My ma se **groentesop**. En net my ma se sop. Dit is maklik om te verhit as jou ma jou bederf met 'n hele pot en jy kan dit vries. Dit hou sommer jou hele lyf warm.



Lientjie Bredenkamp


**Stop.** Dis 'n mengsel tussen stew en sop. 'n Bredie met wildskenkels en 'n laaang sous, met baie groente in, klappermelk as basis vir die sous en droë vrugte bo-op. Die droë vrugte moet jy oornag in water laat lê om sag te word, en dan net vinnig bo-op die bredie sit voor jy dit bedien. Dit is al die eienskappe van my kinderdae wat my bybly.... Wildskenkels as daar gejag word in die winter, klappermelk vir sy besonderse geur saam met die wildsvleis, en droë vrugte wat al my oumense geglo het is 'n MOET saam met wildsvleis. Bedien met mieliegruis of stampmielies vir stysel. Lek jou vingers af!



Esna de Beer

**Ratatouille hutspot**

met **BAIE** knoffel én mieliepap. Afgerond met Anella, my dogter, se malvapoeding met room!



Drizel Holtzhausen

My gunsteling is 'n **Lamspotjie**. Ek kan vir ure die heerlik vuurtjie beloer wat dwarsdeur 'n wintersmiddag en aand brand terwyl daar saam met familie en vriende mooi herinneringe gemaak word.



Lily du Toit

'n Lekker beker **ertjiesop** sal op my wenslys wees. Ons as familie het dit altyd saam geniet terwyl daar 'n lekker vuurtjie in die kaggel knetter en die gesels nie opraak nie.



Mariza J van Vueren

**Melkkos.**

Laat my dink aan my kinderjare en my ma....



Gwen Dirker

**Kerrie & rys,**

want dit is lekkerrrrr!



Abigail Ackermann

**Woolies se biltongsop,**

want dis maklik en vinnig en vullend met 'n smul snytjie rogbrood.



Sanri Stone

**Melkkos**

is my gunsteling kos in die winter. Dit herinner my aan my oorlede moeder.

## KOERANIARESEP



## Wat is trooskos?

Wel, trooskos is vir my siel soos soene op 'n seer wond! As ek koud kry of na geliefdes verlang… dan gryp ek my ou Aga pot en kook melkkos. Die reuk van kaneel streel my gemoed en bring soveel wonderlike herinngeringe mee, van tye rondom my moeder se tafel. Wat is jou trooskos en hoekom?

4-6 PORSIES

- 2 liter melk
- 140 g (1 k) koekmeel
- 5ml sout
- 15 g (20 ml) Botter
- Kaneelsuiker

Smeer die boom van jou beste melktert kastrol met botter om aanbrand te voorkom.

Sif die droë bestanddele saam en vryf die botter in die koekmeel totdat jy GEEN korreltjies botter voel. Dit moet soos broodkrummels lyk.

Voeg nou die meel mengsel by die kokende melk. Klop met houtlepel die mengsel en sit die deksel op en laat prut vir 8-10 minute totdat die stysel verdik het. Die mengsel sal klonterig voorkom… dit moet soos wees.

Sit warm voor met kaneel suiker.

*PS:* Om dit soos vla te laat lyk en proe…voeg 1 e vla by die droë bestanddele tydens die sif proses om goed te meng.

*Bron: Annelien Bezuidenhout Pienaar, 1993*

VOORTREKKERMONUMENT

# Mampoerkultuurfees lok duisende na die Voortrekkermonument

Die immergewilde Mampoer Kultuurfees en Kampioenskappe is al vir dekades een van die bekendste feeste in Pretoria en vanjaar het duisende mense kom kuier toe dié fees vir die eerste keer by die Voortrekkermonument aangebied is.

Die fees is vanjaar ouder gewoonte in samewerking met die Mampoerstokersgilde van Suid-Afrika aangebied.

Oom Alwyn Swart, voorsitter van die Mampoerstokersgilde, sê hy is baie dankbaar vir die opkoms vanjaar en verál bly om te sien hoeveel mense inkoop in nie net die mampoerkultuur nie, maar ook Afrikanertradisies soos boeresport en jukskei speel.

"Die jaar was dit die eerste keer wat ons die fees by 'n nuwe venue aangebied het en ons is baie dankbaar dat dit só 'n groot sukses was," sê Swart.

"Vanjaar het ons 'n rekordgetal inskrywings van 685 bottels mampoer en likeurs vir die kampioenskappe gekry. Ons het weer baie lekker, unieke inskrywings gekry en ek dink ons het selfs die grootse fynproewers gelukkig gehou."

Die algehele wenner vir die tweede agtereenvolgende jaar was Marijke Kleynhans van Stilbaai.

Henk Maree, bestuurder van funksies en feeste by die VTM, sê vanjaar se fees was een van die lekkerste feeste van die jaar op die monumentterrein.







# Kruger se "laaste rusplek" word deur FAK verewig

Die inhoud van oudpresident Paul Kruger se sterfkamer, uit Clarens in Switserland, het 120 jaar later sy tuiste gevind by ons kultuurtuiste, die Voortrekkermonument.

Die inisiatief is deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) van stapel gestuur.

Na die Villa in Clarens in die vroeë 90's verkoop is, is 'n serwituut vir 25 jaar aan die FAK goedgekeur. Dié serwituut het in 2021 verval en die inhoud van die vertrek waarin Kruger oorlede is, is aan die FAK terugbesorg en in die Kruger-galery by die VTM opgeneem.

Die FAK het vandag (12 Julie), kort voor die herdenking van Kruger se sterfdag op 14 Julie 1904, tydens 'n spoggeleentheid by die Voortrekkermonument die nuwe Kruger-sterfkamer, 'n replika van die vertrek waarin hy oorlede is, bekendgestel.

Die oorspronklike bed waarin Kruger gesterf het staan al vir jare in die Krugerhuis in Pretoria en nou kan die replika wat spesiaal vir Villa Kruger gemaak was hiér gesien word.

Danie Langner, besturende direkteur van FAK sê dis 'n geskiedkundige oomblik om die artefakte weer op eie bodum te hê.

"Dis 'n groot voorreg vir die FAK om hier by die VTM die Kruger-Sterfkamer te kon bou," sê hy.

"Dit maak vir die FAK sin om dit hier by die monument te doen omdat Kruger se voetspore ook in die Groot Trek getrap is."

Paul Kruger was as jong seun deel van die Slag van Vegkop en word ook op dié veldslag se fries in die monument se heldesaal uitgebeeld. Die Vrijheidsreis uitstalling in die kelder van die monument eindig ook in Pretoria, op die voorstoep van Paul en Gezina Kruger se huis en in die Historiese Trekroetetuin staan 'n 14-jarige Kruger wat 'n leeu jag ook sy plek vol.

Villa Kruger, soos dit deur die jare bekend geword het, is die huis waarin die voormalige president van die Zuid-Afrikaansche Republiek die laaste ses maande van sy lewe deurgebring het.

Tydens die amptelike bekendstelling van die Kruger-sterfkamer het prof. Danie Goosen, voorsitter van die FAK se direksie 'n toespraak gelewer oor "die betekenis van Paul Kruger in 2024".

Goosen sê die nabyheid met Kruger se sterfkamer vul mens met ontsag.

"Hier waar ons staan, is ons met ontsag gevul, nie net omdat ons voor Kruger se sterfkamer staan nie, maar omdat ons vandag weer 'n reus uit ons geskiedenis se lewe kan vier. Ons is, om Anna M Louw aan te haal, 'dankbaar vir die geskenk wat Paul Kruger se nalatenskap steeds vir ons beteken.'"

Twee broers Paul en Pieter (Tokkie) Kruger, wat sesde geslag-afstammelinge van die ontslape Kruger is, het ook die verrigtinge by gewoon.

Paul (52) het spesiaal uit die Kaap hier kom kuier en sê dit maak hom ongelooflik trots om te weet sy grootoupa word vandag nog hier by die VTM vereer.

"Dit klink so geyk, maar die waarheid is ek kan nie anders as om oor te loop van trots nie."

"Ek en my gesin het in 2017 Switzerland toe gereis om die huis te besoek en nou kan ons, vir die eerste keer ooit, hier in Pretoria kom kuier om nader aan die storie van ons grootoupa te kom," sê Paul.

Pieter (66) sê vandag was vir hom 'n emosionele oomblik.

"Ons het groot geword met die stories van ons oupagrootjie se oupa en vandag het dié stories weer net duideliker geword met die voorwerpe uit sy verhaal wat hier voor ons staan. Dit maak mens emosioneel en trots," sê Kruger.

"Deesdae hoor mens al hoe meer dat jongmense nie die geskiedenis ken nie en mens raak bang dat dié verhale gaan verdwyn so ons is baie dankbaar dat die FAK die storie van ons familie hier bewaar en vertel word."

fak tuiste. trots. toekoms.

DIE VERWOERDGEDENKMUSEUM in Pêrellaan vertel die geskiedenis op 'n baie lewensgetroue manier aan die nageslagte van die Afrikaner. Verskeie bekende foto's van dr Verwoerd tydens sy presidentskap, heelwat geskenke wat hy van allerlei swart stamme ontvang het en die klere wat hy aangehad het toe hy die dag vermoor is. Binne en buite die huis is 'n hele paar pragtige beelde wat deur bekende beeldhouers geskep is.

**Die Verwoerdgedenkmuseum se geskiedenis:**

Die Orania Museum is in 1994 gestig. Annatjie Boshoff, wie 'n lewenslange vriendin en vir agt jaar sekretaresse van mev Betsie Verwoerd was, het die moontlikheid van 'n Verwoerdkamer aangeroer. Dié kamer sou deel van die bestaande Orania museum vorm.

Dié droom is in 1997 bewaarheid toe mev Verwoerd, haar kinders, verskeie klein- en agterkleinkinders, vriende en aanhangers die opening van die Verwoerdkamer bygewoon het. Die kamer het 'n verskeidenheid van die familie se versamelde items bevat. 'n Groot aantal lede van die publiek het ook versamelstukke geskenk. Verskeie persone het geld geskenk sodat die museum ontwikkel en onderhou kon word.

Na Betsie Verwoerd se dood op 29 Februarie 2000 het haar kinders besluit dat haar aftreehuisie as 'n museum aangewend moet word. Mev Verwoerd se kamer moes onaangeraak gelaat word, soos toe sy daar gewoon het. Die woonstel direk langs die kamer, waar die verpleegster/huishoudster gewoon het, moes as 'n deel van die museum aangewend word. Die Verwoerdgedenkmuseum is in September 2000 amptelik geopen.

OPENBARE KUNS







ELEKSA Pendeldiens

Eleksa Orania Pendeldiens
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

Tot en met 20 April is alle ritte gratis.

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ø10.00 | Dagkaartjie Ø30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ø120.00
26 dae (maandkaartjie) Ø400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

# Hoogtepunte vir CVO by Bokkiedag 2024

Foto's: Verskaf


Orania CVO-skool is goed verteenwoordig tydens die afgelope Bokkiedag wat op 6 Julie in Meyerton aangebied is. Mynard Heroldt is as stut gekies vir AVS se o/13 Steenbokkiespan.


Josua Kotzé (links) is as losskakel en Stefan Erasmus (regs) as flank is vir die AVS se o/14 Uitnodigingspan gekies.


Twee oud-leerlinge WJ en Wiehan Nel is vir die derde agtereenvolgende jaar vir AVS se o/23 Nasionale 7's span gekies wat later die jaar in Spanje sal toer.


CVO-skool se voorsitter mnr. Willie Nel is as die Spanbestuurder vir die o/23 Nasionale 7's aangewys. Dié span sal later vanjaar in Spanje gaan toer.

## Kultuurfeesgees heers by CVO-skool

Daar is meer as 40 leerders wat hierdie jaar aan die jaarlikse Kultuurfees gaan deelneem. Kultuuraktiwiteite geniet nie altyd voorrang nie, maar hier gaan 'n paar leerders hulle merk op die verhoog kan maak. Juffrou Christelle Sutherland neem leiding by die skool en ouers soos Frances Murphy, Karen Thomlinson en Christelle de Villiers is betrokke by afrigting en voorbereiding van die deelnemers. Die leerders van CVO-skool berei tans voor om volgende week, 19 en 20 Julie, in Bloemfontein te gaan meeding. Daar word in afdelings soos drama, sang, instrumentale nommers, voordrag, monoloë en onvoorbereide lees deelgeneem.

Koerania het by 'n oefensessie gaan inloer.


Bianca Grobbelaar


Christi de Klerk


Eben de Klerk


Lou-Ané Steyn


Drian de Klerk

Fotos - Dia van Staden

## Karoo klanke en klingels ontgin talent

'n Uitgebreide musiek- en kultuursentrum het pas hul deure geopen en daar word reeds ywerig gewerk om kinders en volwassenes se musikale talente te ontwikkel.

Ciska de Wet is bekend daarvoor dat sy musieklesse aanbied en altyd 'n helpende hand uitsteek om musikale kinders met hul optredes by te staan. Christelle de Villiers sluit nou by Ciska aan om klavier, kitaar, klawerbord, blokfluit, mondfluitjie, viool, djembe en tromafrigting te doen. Hulle is so entoesiasties oor die ontwikkeling van kinders se talent dat daar ook sang, teorie, kindermusiek, drama, redenaars en 'n pretpakket vir voornemende studente aangebied kan word.

Ciska en Christelle is gereed om kinders selfs meer te leer van teateretiket. Hulle bied so 'n groot verskeidenheid opsies aan omdat hulle self talentvolle vroue is. Dié twee vroue is self ouers en is bewus van die besige skoolprogramme.

"Dit bly 'n voorreg om 'n kind se unieke kultuurtalente te help ontdek en verder te ontwikkel," stem hulle saam.

Karoo Klanke en Klingels kan agter die Seeff-gebou in Saffierstraat gevind word. Kontak die twee afrigters by 0827674842 of 0845865600. Stuur 'n e-pos na karooklanke@gmail.com om al die registrasiebesonderhede te ontvang.


Christelle de Villiers en Ciska de Wet is entoesiasties om kinders se musikale vermoë te ontwikkel en bied 'n groot verskeidenheid lesse aan.

## ORANIA DAGBOEK

**JULIE:**

- **13 Julie:** Kinderopvoeding Seminaar
- **19 Julie:** Orreluitvoering
- **27 Julie:** CVO Knipmesbraai
  - Stap vir bybels (AP-kerk)
  - Pekan Oesfees en Klawers in die boord
- **29 Julie:** Bittereinder Vastrap

**AUGUSTUS:**

- **1 – 3 Augustus:** KultuurKuier
- **1 Augustus:** Stef Kruger en Dana Snyman – Woorde en wysies (Gemeenskapsaal)
- **2 Augustus:** Sakeontbyt met aktuele gesprek
  - Boeke en Bredies – Skrywers vertel meer oor hul boeke en kuier met inwoners
  - Boekbekendstelling – Willie Spies – Eie rigting
- **3 Augustus:** Orania Skouspel – waar talent floreer
- **9 Augustus:** Toneel - Verhaal van Helen Martins - Huppelkind:
- **12 – 17 Augustus:** Taaltoffietaalweek:
- **12 Augustus:** FAK Liedjiesaand by Gannabos
- **13 Augustus:** Woordspeletjiesaand
- **14 Augustus:** Gemeenskapskonsert
- **16 Augustus:** Kortfilmfees
- **17 Augustus:** Klassieke musiekaand
  - Jukskei Opedag

**SEPTEMBER:**

- **7 September:** Orania Gaan Groot
- **23 – 28 September:** Orania Karnaval

Koos
GAGIANO
DESIGN STUDIO

Grafiese ontwerp
Webblad ontwerp

S 082 402 4797
E koos@koosgagiano.co.za
W koosgagiano.co.za



OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA Sport
Julie, 2024 Volume 01 | Uitgawe Nr. 08

DIRKER INGENIEURSWERKE
Jaco Dirker
T: 083 279 5616 ■ V: jaco@dirker.co.za

# Balletskool vier 32 jaar!



*Die ontwikkeling van 'n sterk selfbeeld gaan gewoonlik met 'n spieël gepaard. Hier is Lilla Strauss besig om seker te maak dat haar houding korrek is en dat daardie fyn rompie reg vasgehou word. Juffrou Eldien bied die nodige ondersteuning.*



*Van links na regs is Mea Kotze, Mienke Strauss en Lilla Stauss besig om vir hul balleteksamen voor te berei. Eldien Kirsten maak hulle bewus van hul korrekte liggaamshouding en tone wat noukeurig gepunt moet word.*



Fotos - Dia van Staden

**Melandri Downing en Lia Strauss staan weerskante van balletjuffrou, Eldien Kirsten.**

Die Uysie Kirsten Balletskool sal vanjaar hul 32ste bestaansjaar vier. Daar word met oorgawe geoefen om die balleteksamen, wat gedunde Augustus aangebied word, met vlieënde vaandels te slaag.

Studente van so jonk as 4 jaar oud is welkom om hulle dansskoene aan te trek om die fynere kuns van dans aan te leer. Uysie en haar dogter, Eldien, rig die dansvorm, wat soms uiterste dissipline verg, saam af.

Die fyn afronding wat met deelname aan dié sportsoort aangeleer word, is lewenslesse wat nooit vergeet sal word nie. Dit is sagte rompies, sykouse, balletskoene, tutu's en leotards wat die kleredrag uitmaak. Niemand moet hul misgis wanneer dit by die noukeurige bollas van 'n ballerina kom nie. Dit vorm deel van die brose voorkoms, maar laat ruimte vir die toeskouer om elke beweging behoorlik dop te hou sonder dat klere of hare in die pad van die delikate bewegings kom nie.

Vanaf 12 Augustus is daar geleentheid vir nuwe leerlinge om by die Uysie Kirsten Balletskool aan te sluit.

Eldien vertel dat daar ook nou 'n klas vir volwasse vroulike studente of moeders is waar alle dames 'n nuwe dansvorm kan aanleer of daardie kinderdroom kan bewaarheid. Kontak Eldien Kirsten by 076 712 7801 of Uysie Kirsten by 082 683 6317 vir meer inligting.




**Eldien Kirsten en haar ma, Uysie, is juffrouens by die balletskool. Uysie voeg al vir 32 jaar waarde tot dié kunsvorm toe.**

## Jukskei is 'n sport wat groei

Die Orania Jukskeiklub se oefentye is Maandae tot Donderdae vanaf 17:00. Persone van alle ouderdomme is welkom om by hulle aan te sluit. Aangesien die nuwe seisoen in Augustus afskop is dit nou die perfekte tyd om jou skei uit te haal en te gaan kragte meet teen die bestaande lede van die klub.

Albei die skole het junior spelers wat gretig is om by die gesoute spelers te leer. Kontak vir Abe Sutherland, die voorsitter van die jukskeiklub, by 082 700 0576 vir meer besonderhede.



**Links: Elsabe Vos speel al 'n geruime tyd jukskei. Regs: Kean Basson, 'n junior speler in aksie.**



**Daar moet ondersoek ingestel word en taktiek bespreek word wanneer die skeie hulle lê gekry het.**

KOERANIA Besigheidslys
Gebruik ons aanlyn besigheidslys om besighede in Orania te vind
SKANDEER MY!
LEES DIT! DEEL DIT!
083 726 1180 redakteur@koerania.co.za
www.koerania.co.za

KOERANIA Besigheidslys
Verhoog die sigbaarheid van jou besigheid en bereik 'n wyer gehoor vir 'n **EENMALIGE BETALING VAN R420.**
Verhoog jou handelsmerk se blootstelling, lok potensiële kliënte en verbeter jou SEO-telling. Jou advertensie op die besigheidslys versterk geloofwaardigheid en bou vertroue by verbruikers. Dat is kliënte wat **JOU** produkte of dienste benodig.
Kom ons wys vir hulle wie en waar jy is!
SKANDEER DIE QR-KODE OM DIE AANLYNVORM TE VOLTOOI.